# Hoofstuk 4 Die leefstyl, rol en invloed van die vierde geslag Swanepoels tot voor die Anglo-Boereoorlog in 1902

## 4.1. Inleiding

Min inligting is bekend oor die betrokkenheid van die vierde geslag geselekteerde Swanepoels gedurende die tydperk waarin die verskillende Boere-Republieke gestig is, die Transvaalse Vryheidsoorlog, die ontdekking van goud en diamante en die Jameson-inval plaasgevind het. Die ontdekking van diamante in die Kimberley-omgewing en goud aan die Witwatersrand was van die grootste oorsake wat aanleiding gegee het tot die Transvaalse Vryheidsoorlog en die Jameson-inval. Hierdie geskiedkundige gebeurtenisse bied ŉ aanloop na gebeure met die Swanepoel- en Bantjés-familie tydens die Anglo-Boereoorlog. Pieter Andries Swanepoel en Maria Jacoba Swanepoel het die Groot Trek as kinders meegemaak. Jan Gerritze Bantjés, seun van Jan Gerritze Bantjés was die mede-ontdekker van die hoofgoudrif in Johannesburg.[266] Hy is later as onderwyser gebruik om die Swanepoel-kinders skoolopleiding te gee (soos later in hierdie hoofstuk beskryf word).


Die sigbaarheid en rol wat die vierde geselekteerde geslag Swanepoels in die geskiedenis van Suid-Afrika gespeel het, is nie in bestaande literatuurstudies aangedui nie. Moontlike bydraes van Pieter Andries Swanepoel en Maria Jacoba Swanepoel in die Lichtenburg-omgewing is nie opgeteken nie, maar dit is nodig om geskiedkundige gebeurtenisse, wat ŉ waarskynlike rol gespeel het in die Swanepoel- en Bantjés-familie se lewe (soos in hoofstuk 5 beskryf word), aan te dui.

---

[266] C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, pp. 288-289.

### 4.2. Vierde geslag Swanepoels

(Kyk addenda A, D, I en N agter)




*Figuur 47: Die vierde geslag Swanepoels*

Pieter Andries Swanepoel is op 30 Mei 1834 in die Beaufort-Wes-distrik gebore en op 29 September 1835 daar gedoop.[267] Die Swanepoel-gesin het die distrik ongeveer in die tyd wat Beaufort-Wes munisipale status in 1837 gekry het, verlaat. Maria Jacoba Swanepoel is op 18 Oktober 1838 tydens die Groot Trek gebore en was twee maande oud tydens die Slag van Bloedrivier.[268] Haar ouers het vanaf Graaff-Reinet by die Voortrekkers aangesluit. Pieter Andries Swanepoel[269] is op 20 November 1858 in die Nederduits Hervormde Kerk in Potchefstroom met Maria Jacoba Swanepoel getroud.[270] Hulle was verlangse familie wat met mekaar getrou het (Swanepoel met Swanepoel-verwys na die diagram).

Die egpaar het op die plaas Doornhoek in die Lichtenburg-distrik gaan woon.[271] Daar is vyf dogters en twee seuns uit die huwelik gebore van wie ses volgens rekords in die Nederduits Hervormde Kerk in Potchefstroom gedoop is.[272] Die jongste dogter, Rachel Helletje Swanepoel, waarvan die rekords nie bestaan nie, is waarskynlik in Lichtenburg gedoop.[273] Lichtenburg is in 1873 geproklameer en die eerste kerkgeboutjie is in 1878 gebou.[274] Die opofferings wat hulle gemaak het om hulle kinders in Potchefstroom te laat doop, beklemtoon die belangrikheid van hulle Christelike meelewing.

---

[267] A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel*, 'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 303.

[268] JCPA, Lêer 1, Korrespondensie: *James Andrew Cooks-John George Cooks, 26 Januarie 1970*, p. 4.

[269] Pieter Andries Swanepoel, seun van Abraham Christoffel Johannes Swanepoel en Sarah Johanna Susanna Jansen van Vuuren (hoofstuk 3).

[270] A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel*, 'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 303.

[271] JCPA, Lêer 1, *Korrespondensie: James Andrew Cooks-John George Cooks, 26 Januarie 1970*, p. 4.

[272] A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel*, 'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, pp. 303-305.


[273] A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel*, 'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 305 (Rachel Helletje se voorname is verkeerd as Rachel Aletta aangedui).

[274] Z. Rowan, *Nonnie de la Rey 1856-1923*, MA kultuurgeskiedenis, Universiteit van Pretoria, (2003), pp. 32-44. (Sien foto in hoofstuk 3).

Pieter Andries Swanepoel is op 18 Mei 1877 noodlottig deur die weerlig getref en is in die Voortrekker begraafplaas op die plaas Doornhoek in die Lichtenburg-distrik begrawe.[275] Met sy dood is Maria Jacoba Swanepoel met sewe kinders agtergelaat van wie die oudste sewentien- en die jongste een jaar oud was[276] (kyk addendum I).

Met die vestiging van die Voortrekkers in Noordwes het hulle hulself die reg toegeëien om grond te besit. Plase is ook deur die staat tussen die burgers uitgedeel. Burgerskap is redelik vinnig aan nuwe aankomelinge toegeken en binne 'n kort tyd het baie burgers hulle eie plase besit. Die plaas Doornfontein, in die huidige Delareyville-distrik, is op 1 Desember 1849 in die naam van Abraham Christoffel Johannes Swanepoel, vader van Pieter, toegeken. Verskeie ander Swanepoels, soos Pieter Andries se gesin, het eienaars van plase in die omgewing geword (aanhangsel L).[277]

Die foto hieronder is 'n voorbeeld van 'n plaas- en dorpshuis in die tyd onder bespreking.



*Figuur 48: 'n Voorbeeld van 'n woonhuis van die burgers van die tyd* [278]

---

[275] TAB, MHG, 0/796, *Sterfkennis, Swanepoel Pieter Andries*, 1877; JCPA, Lêer Andrew Peter Cooks, Korrespondensie: *James Andrew Cooks-John George Cooks, 26 Januarie 1970,* p. 4.

[276] A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel*, 'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, pp. 303-305.

[277] Die Klipkerk, Lichtenburg, gedenk-uitgawe, *"Die geskiedenis van die NG Gemeente, Lichtenburg 1885-1985",* p. 21; JCPA, Lêer 1, *Korrespondensie: James Andrew Cooks-John George Cooks, 26 Januarie 1970*, p. 4.

[278] T.V. Bulpin (Original text), *Readers Digest, Illustrated Guide to Soutern Africa*, p. 217.

Met die vestiging van die burgers moes verskeie swart-stamme hulle aan die blankes se gesag onderwerp en daar was verskeie konflikte. Hierdie konflikte tussen die burgers en Tswana-gemeenskappe het gedurende die periode 1860 tot 1870 geëskaleer en die Korana- en Griekwagemeenskappe het ook betrokke geraak.[279] Geen spesifieke inligting kon oor die betrokkenheid van Pieter Andries Swanepoel in hierdie konflikte opgespoor word nie.

ŉ Natuurverskynsel in die Lichtenburg-omgewing het die lewe en aktiwiteite van die gemeenskap beïnvloed. ŉ Brandende vlei het vanaf die jare 1893/1894 vir die setlaars voordele en nadele ingehou. Die vlei was ŉ watermoeras met hoog groeiende riete en gewasse, maar het ŉ brandende gevaar vir mens en dier geword. Daar word vertel dat in die eerste jare, toe die vlei begin brand het, die vlamme hoog bo ‘n mens se kop uitgetroon het. Die vlei het uit veen, die eerste stadium in die vorming van steenkool, bestaan. Die plante-materiaal in die vlei het stelselmatig na jare verrot, en toe stadig ondergronds begin brand. Vir talle inwoners van Lichtenburg was die swart turf goedkoop brandbare materiaal. Naby Kieserville (Burgersdorp) was ŉ groot gat waaruit die turf in groot stukke uitgesteek is. Dit is op waens gelaai en in agterplase afgegooi. Sodra dit droog genoeg was, is dit in klein stukkies gebreek en was dit uitstekende "brandhout" of ŉ soort steenkool waarmee daar vuur gemaak is. Die brandende vlei het ook verskeie gevare ingehou. Enkele persone het lelike brandwonde opgedoen en moes in die hospitaal behandeling ontvang. Daar word vertel dat drie seuntjies in 1903 op ŉ ingesakte sandbank in die vlei erg verbrand het en dood is. Talle diere het ook in die gate getrap en verbrand.[280]

---

[279] Anon., Nuwe geskiedenis-webwerf, *“Korana en Griekwa gemeenskappe”* by http://nuwegeskiedenis.co.za/deel-2-hoofstuk-4-die-mfecane-die-rol-van-die-griekwas/, 21 November 2010.

[280] North West Provincial Government by www.nwpg.gov.za/sde/statusquo/Annexure%202.doc*, 30 Desember 2012.*



*Figuur 49: Die brandende vlei van Lichtenburg in die ou tyd* [281]

Volgens ŉ brief van James Andrew Cooks, die kleinseun van Pieter Andries- en Maria Jacoba Swanepoel, aan John George Cooks, blyk dit dat Doornhoek Pieter of Maria se familieplaas was. *"My grandfather (Pieter Andries Swanepoel) occupied the farm Doornhoek, about 15 to 18 miles east of Lichtenburg. Here my grandfather was struck by lightning and he was buried on the farm. His grave is still to be seen in the old Voortrekker cemetery at Doornhoek".*[282] Die skrywer het die kerkhof gedurende Augustus 2011 besoek en dit in ŉ feitlik onherstelbare toestand gevind. Dit was toegegroei met doringbome, onkruid en slegs drie grafstene, waarvan Pieter Andries Swanepoel s'n een is, staan nog regop.

[281] T. du Preez, *"Die brandende vlei"* by http://home.intekom.com/lichtenburg/vlei2.htm, 14 September 2011.

[282] JCPA, Lêer 1, Korrespondensie: *James Andrew Cooks-John George Cooks, 26 Januarie 1970*, p. 3.



*Figuur 50: Voortrekker-begraafplaas by Doornhoek* [283]




*Figuur 51: Die grafsteen van Pieter Andries Swanepoel, Doornhoek* [284]

---

283 JCPA, Lêer 1, *"Voortrekker-begrafplaas by Doornhoek",* foto is geneem op 11 Augustus 2011.




*Figuur 52: Die ligging van die plaas Doornhoek in die Lichtenburg-distrik* [285]

Pieter Andries Swanepoel se broer, Abraham Christoffel Johannes Swanepoel,[286] is met Maria Jacoba Swanepoel se suster, Ragel Helletjie Swanepoel, getroud (nog ŉ Swanepoel met Swanepoel).[287] Maria Jacoba Swanepoel is op 12 Julie 1912 oorlede en is op die plaas Vaalbank (66) in die Lichtenburg-distrik, waar sy by haar dogter, Isabella Jacoba Hartzer, vir die laaste paar jare van haar lewe gebly het, begrawe.[288] Alhoewel haar geboortedatum foutiewelik deur Swanepoel as 12 Junie 1839 aangegee is, word die korrekte geboortedatum op haar grafsteen aangedui. Volgens die stamregister van A.J. Swanepoel is sy in Beaufort-Wes gebore.[289] Die korrekte geboortedatum van 12 Oktober 1838 is op die grafsteen (figuur 55) en begrafnisbrief (figuur 56) aangedui.

---

[284] JCPA, Lêer 1, *"Grafsteen van Pieter Andries Swanepoel, Doornhoek, Lichtenburg-distrik"*, foto 11 Augustus 2011.

[285] B. Michael, A. Mountain, *Reis-Atlas van Suider-Afrika: Geillustreerde gids met meer as 30 toere in Suid-Afrika.*

[286] Abraham Christoffel Johannes Swanepoel is Abraham Christoffel Johannes Swanepoel (jr.) se seun.

[287] A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel*, ŉ Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika,* p. 303.

[288] Verwys na die begrafnisbrief wat volg.

[289] TAB, MHG, 0/2787-1884, Boedel, Willem Jacobus Swanepoel; A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel*, ŉ Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 316.




*Figuur 53: Maria en haar Cooks-kleinkinders, Pieter- en James Cooks* [290]



*Figuur 54: Graf van Maria Jacoba Swanepoel op Vaalbank(66), Coligny-distrik* [291]

---

[290] JCPA, Lêer 1, Foto: *Vlnr: Pieter Cooks, Ouma Maria Jacoba Swanepoel en James Cooks.*



Vaalbank de 19 juli 1912

Begrafnis lijst

Het heeft de here van leven en dood behaagt van ons weg te neem onse geliefde Moeder en groot moeder de weduwe Maria Jakoba Swanepoel in den ouderdom van 73 jaar 9 maan 21 daagen Wij swijgen en aanbeden

M J Hartze Als dragers
W J Swanepoel
H. Swanepoel
D. M. Hartze
D M Kotze
M Swanepoel l zoon
~~H. [illegible]~~ ~~zoon~~

Bloed en vriende
A. C. J. Swanepoel
C van Wijk
M J Hartze M zoon
P A Swanepoel

*Figuur 55: Begrafnisbrief van Maria Jacoba Swanepoel* [292]

[291] JCPA, Lêer 1, *Graf van Maria Jacoba Swanepoel op Vaalbank*, foto geneem op 22 September 2004. (Die foto van die grafsteen is baie onduidelik maar nog leesbaar op die grafsteen self).

[292] JCPA, Lêer 1, *Begrafnisbrief van Maria Jacoba Swanepoel.*

Volgens oorlewering het Maria Jacoba Swanepoel die volgende inligting aan haar kleinseun, James Andrew Cooks (1896-1970) gegee:

*"My grandmother was born in the Blood River lager in October 1838, just before the famous battle of Blood River. Her parents trekked from Natal back to the Free State in 1842-3".* [293]

Die opgetekende inligting bevestig dat haar ouers, Willem Jacobus Swanepoel en Isabella Jacoba Swanepoel (Bantjés), deel was van die Tweede Trek soos beskryf deur die geskiedskrywer C.F.J. Muller.[294] Die Swanepoel-gesin het gedurende 1842-1843 van Natal terug na Beaufort-Wes getrek. Maria Jacoba was toe vyf jaar oud (sien hoofstuk 3 punt 3.6). Een van Maria Jacoba Swanepoel se broers, Liefbertus Willem Jacobus Swanepoel, is later as veldkornet aangestel in die plek van Greeff, wat tot kommandant bevorder is.

## 4.3. Christelike meelewing en onderwysgeleenthede van die Swanepoels

Die Bybel, Psalm- en Gesangeboek, die Kortbegrip en Kategismus was kosbare kleinode in besit van elke huisgesin en is in die algemeen gebruik as riglyn om kinders te leer lees en skryf. Skoolopleiding sedert 1850 was 'n plaaslike onderneming en groepe ouers het saam 'n "onderwyser" gehuur om die kinders die basiese beginsels van lees en rekenkunde te leer. Die brief van James Andrew Cooks aan John Cooks van 26 Januarie 1970 lees soos volg: "My grandfather (Swanepoel) was a great man for education. He imported a schoolmaster for his children – a Mr Jan Bantjes of the Bantjes fortune fame ...".[295] Dit bevestig die verantwoordelikheid wat ouers vir hulle kinders se onderrig moes aanvaar. Die basiese skoolonderrig het sekerlik daartoe bygedra dat die kinders van die Swanepoels almal Kaaps-Hollands, Engels en Tswana vlot kon praat.[296] Die vierde geslag Swanepoels, die eerste geslag na die Voortrekkers, het hulle Christenskap na die voorbeeld van hulle voorouers uitgeleef.


---

[293] JCPA, Lêer 1, Korrespondensie: *James Andrew Cooks-John George Cooks, 26 Januarie 1970*, p. 3.

[294] C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 176.

[295] JCPA, Lêer 1, Korrespondensie: *James Andrew Cooks-John George Cooks, 26 Januarie 1970*, p. 3.

[296] JCPA, Lêer 1, Korrespondensie: *James Andrew Cooks-John George Cooks, 26 Januarie 1970*, p. 3.




*Figuur 56: 'n Visuele voorstelling van huisgodsdiens* [297]

As gevolg van die afstand tussen Lichtenburg en Potchefstroom was kerklike meelewing beperk tot troues, Nagmaal en die doop van kinders. In 1878 is die inwoners van die Lichtenburg-gebied by die Jacobsdal Gemeente (naby Zeerust) ingedeel. Die Jacobsdal Gemeente is in 1868 gestig. Die eerste kerkgeboutjie in Lichtenburg is in 1878 op die kerkplein, suid van Gerrit Maritzstraat, gebou. Dit was 'n klein, reghoekige geboutjie met mure van klip, 'n dak van gegolfde ysterplaat en 'n grondvloer. Elke lidmaat moes sy eie stoel voorsien.[298] Die ouers van Pieter Andries Swanepoel en Maria Jacoba Swanepoel, asook hulle kinders het volgens mondelinge oorlewing kerkdienste in hierdie kerkgeboutjie bygewoon. Hierdie kerkie is vanaf die gemeente se ontstaan beskikbaar gestel om as skool gebruik te word op voorwaarde dat die misvloer van die kerkie gereeld met mis gesmeer moes word.

---

[297] W.H. Coetzer, *"Voortrekker Monument, Pretoria tapisseries"* by http://chessaleeinlondon.wordpress.com/2007/06/22/voortrekker-monument-pretoria/, 1 Februarie 2011.

[298] Die Klipkerk, Lichtenburg, *gedenk-uitgawe, Lichtenburg 1885-2010*, kerk besoek 11 Augustus 2011.




*Figuur 57: Die eerste kerkgebou* [299]

Op 10 Junie 1885 is die Nederduits Gereformeerde Gemeente van Lichtenburg formeel gestig en kort daarna is die naam na die Nederduits Hervormde of Nederduits Gereformeerde Kerk verander.[300] Die eerste nagmaalsnaweek in Augustus van dieselfde jaar was 'n belangrike geleentheid met ossewaens wat vanaf die Donderdag begin saamtrek het. So 'n naweek was vir baie plaasbewoners destyds 'n heerlike uitstappie, 'n klein vakansie. Sommige families het met twee waens gekom want dit was ook die aangewese tyd om van hulle plaasprodukte aan die handelaars te verkoop en om inkopies te doen. Die naweek in en om die kerk deurgebring het eredienste, kerkraadsvergaderings, gemeentevergaderings, kinderdienste, bidure, 'n basaar, doopplegtighede en belydenisaflegging ingesluit. Die dominee het ten volle gebruik gemaak van dié geleentheid om sy kudde soveel geestelike voedsel as moontlik te gee, want die meeste van hulle sou hy nie weer binne drie tot ses maande sien nie. [301]

---

[299] Die Klipkerk, Lichtenburg, *gedenk-uitgawe, Lichtenburg, 1885-2010*, kerk besoek 11 Augustus 2011.

[300] Die Klipkerk, Lichtenburg, gedenk-uitgawe, *Lichtenburg, 1885-2010,* p.22, kerk besoek 11 Augustus 2011.

[301] Die Klipkerk, Lichtenburg, *gedenk-uitgawe, Lichtenburg 1885-2010,* p. 24, kerk besoek 11 Augustus 2011.




*Figuur 58: Ossewaens op kerkplein* [302]

Die Hartzer-familie (aangetroud met die oudste dogter, Isabella, verder beskryf in hoofstuk 5) was lidmate van die NG Kerk (Klipkerk) in Lichtenburg waar Willem Hartzer vir baie jare eers as diaken en daarna as ouderling gedien het.[303] As voorbeeld van die geloofsoortuigings van die Swanepoels word die berig ter nagedagtes van oud-ouderling W.J. Hartzer, in in die *Kerkbode* van 5 Mei 1926, voorgehou:

"Op Sondag 18 April is oom Willem Hartzer van Vaalbank, Lichtenburg in die Heer ontslape, in sy 69e jaar. Hy was ŉ man van die egte ou stempel. Op godsdienstige gebied was hy die siel van sy omgewing. Om na ŉ dag se vermoeiende huisbesoek in sy woning te kom, was ŉ ware verkwikking. Diep onder die indruk van sy eie swakheid, het hy baie naby die Heer gelewe. Nederig en stil en minsaam in sy omgang, was hy vele tot seën. In sy latere jare, hoewel swak en vêr van die kerk af, het hy Gods huis getrou besoek, vele tot voorbeeld. ŉ

---

[302] Die Klipkerk, Lichtenburg, *gedenk-uitgawe, Lichtenburg 1885-2010*, kerk besoek 11 Augustus 2011.

[303] A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel*, ŉ Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika,* p. 304.

Liefhebber van die sendingsaak was hy. Hy was een van die diakens van die uitgestrekte ou gemeente van Lichtenburg, en later een van die waardige ouderlinge van ons kerk." [304]

Op die foto hieronder is Willem Hartzer agtste staande van links.



KERKRAAD 1894.
tende: (Ouderlinge) G.J.J. du Toit, P.J. Lombard, J.J. Hamman, Ds. H.J.L. du Toit, P.F. Theron, W.J. Lemmer, D.F. Retief
STAANDE (Diakens): C. J. Deneyschen, E. C. Schutte, A. J. de Beer P. F. Pretorius, A. P. Cronje, A. P Visser, D. J. van den Berg, W. J. Hartzer, M. J. van Dyk, C. A. Moller, J. B. Roode, Jnr. (P. A. de Wet afwesig.)

*Figuur 59: Die Kerkraad van 1894 (Lichtenburg)* [305]

Willem Hartzer was die leiersfiguur in sy familiekring en het ook verantwoordelikheid vir sy vrou se familie aanvaar. Hy het in swaar tye hom oor sy skoonmoeder, Maria Jacoba Swanepoel, en van haar dogters ontferm.[306]


Die oorspronklike kerk van klip, gebou voor die toring aangebou is, is in 1891 ingewy. [307]

---

[304] I. Ueckermann & F.S. Malan, UNISA, *Die Hartzer Sage*, p. 28; Kerkbode van 5 Mei 1926, p. 6.

[305] Die Klipkerk, Lichtenburg, *gedenk-uitgawe, Lichtenburg 1885-2010*, kerk besoek 11 Augustus 2011.

[306] I. Ueckermann & F.S. Malan, UNISA, *Die Hartzer Sage*, pp. 41, 46, 47; JCPA, Lêer 1, *Korrespondensie: James Andrew Cooks-John George Cooks, 26 Januarie 1970,* p. 4.




*Figuur 60: Die oorspronklike klipkerk in Lichtenburg: 1891* [308]

Nadat die Gemeente in 1927 die plaas Kaalbult verkoop het, is besluit om die bestaande kerkgebou op te knap. Gerhard Moerdyk is weer as argitek aangestel en die veranderinge het 'n toring, nuwe plafonne, 'n galery vir die orrel en 'n nuwe vleuel vir die konsistorie behels.[309]


---

[308] NG kerk, Lichtenburg, Jubileum-Album*, "Ter herinnering aan die vyftigjarige bestaan van die NH of NG Gemeente Lichtenburg, Junie, 1885-Junie 1935",* p. 9, kerk besoek 11 Augustus 2011.

[309] NG kerk, Lichtenburg-webwerf by http://www.klipkerk.org.za/index.php?option=com_content&view=category&layout=blog&id=40&Itemid=44, 11 Augustus 2011.



*Figuur 61: Nagmaal by die ou kerk op Lichtenburg* [310]



*Figuur 62: Die klipkerk op Lichtenburg soos dit tans lyk* [311]

310 Die Klipkerk, Lichtenburg, gedenk-uitgawe, "*Die geskiedenis van die Nederduits Gereformeerde Gemeente, Lichtenburg*, 1885 – 1985", kerk besoek 11 Augustus 2011.

311 Die Klipkerk, Lichtenburg, *gedenk-uitgawe*, Foto is op die voorblad, kerk besoek 11 Augustus 2011.

### 4.3.1. Sosiale gedrag in die tyd van die vierde geslag Swanepoel

Die vroue se kleredrag was meesal lang rokke en kappies om hulle teen die son te beskerm. Met sosiale byeenkomste was die vrouens geklee in deftige lang rokke, kappies en tjalies soos uitgebeeld op die skildery in figuur 66.




*Figuur 63: Visuele voorstelling van* ŉ *verjaarsdagpartytjie* [312]

Gedurende die wintermaande was dit jagtyd en was dit die gewoonte om ŉ bees, ŉ vark en ŉ paar skape te slag. Wanneer dit nie so warm was nie, is biltong en droë wors gemaak, sodat die vleis in ŉ koel, droë plek kon hang totdat dit droog genoeg was. Feitlik elke familie het ŉ eie "geheime" biltongresep gehad. Keursnitte van slagdiere is aan vriende en bure gestuur (bekend as ŉ karmenaadjie), en hulle sou dan ŉ week later iets lekkers terugstuur. Sodra die biltong droog was, is dit in skoon meelsakkies toegeknoop en weggepak.

Na die dood van Maria Swanepoel se man op 18 Mei 1877 het sy in Lichtenburg gaan bly. Dit is onbekend wanneer sy vanaf Doornhoek na Lichtenburg getrek het en presies waar sy haar gevestig het. Na die dood van haar dogter, Rachel, in 1906, weens ŉ siekte wat sy in die konsentrasiekamp opgedoen het, het Maria, saam met haar kleinseun, Pieter Andreas

---

[312] W.H. Coetzer, *"Voortrekker Monument, Pretoria tapisseries"* by http://chessaleeinlondon.wordpress.com/2007/06/22/voortrekker-monument-pretoria/, 1 Februarie 2011.

Cooks, 'n sesjarige seun, op die plaas Vaalbank(66) by haar oudste dogter Isabella Jacoba Hartzer, gaan woon.[313]

Willem Hartzer en die boere in die streek is gedurende 1895 swaar getref deur die runderpes, 'n siekte wat deur 'n virus veroorsaak word en vee en sommige spesies wildediere aantas. Die besmette beeste het koors, mondsere en diarree, gekry. Die hoë sterftesyfer onder hulle vee was 'n groot verlies vir die boere.[314] Eers is 47 van Willem se osse doodgeskiet en bo-op die bult, naby die opstal wat hy vir homself gebou het, begrawe, maar later is al sy vee dood as gevolg van die pes.[315] Hierdie verlies het 'n negatiewe invloed op die Hartzer-familie se leefstyl gehad.



*Figuur 64: Dooie beeste as gevolg van die runderpes* [316]

[313] JCPA, Lêer 1, Korrespondensie: *James Andrew Cooks-John George Cooks, 26 Januarie 1970*, p. 4.

[314] C. van Onselen, *The Journal of African History, Vol. 13, No. 3 (1972), pp. 473-488* by http://www.jstor.org/discover/10.2307/180591?uid=3739368&uid=2129&uid=2&uid=70&uid=4&sid=21101099442321 , 13 Julie 2012.

[315] I. Ueckermann & F.S. Malan, UNISA, *Die Hartzer Sage*, p. 27.

[316] Anon., Rinderpest (cattle plague)-website, "History of animal diseases" by http://www.nda.agric.za/vetweb/History/H_Diseases/H_Animal_Diseases_in%20SA8.htm, 21 Julie 2012.

Die huis op Vaalbank (66) was 'n toevlugsoord vir die vyf Swanepoel-susters en hulle ma, tot na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) en is gedurende dié oorlog afgebrand. Net 'n paar mure het gedeeltelik bly staan. Dit is ná die oorlog herbou en die plaas behoort nou aan Ben Botha, van die nageslag van die Hartzer-familie. Die plaas Vaalbank (66) is ongeveer 20 kilometer vanaf Coligny in die rigting van Klerksdorp geleë.



*Figuur 65: Die huis op die plaas Vaalbank (66) ná die oorlog* [317]

### 4.3.2. Historiese gebeure wat 'n impak op die Swanepoels gehad het

Gedurende die negentiende eeu, vanaf die tweede anneksasie van Kaap die Goeie Hoop deur Brittanje (1806)[318] en die voortdurende grensverskuiwings, was daar spanning tussen die Britse owerheid en die grensboere. Hierdie spanning het die migrasie van die veeboere veroorsaak en het uiteindelik tot die Groot Trek (1835-1843)[319] en die vestiging van die Boer-republieke, gelei.

Op staatkundige gebied is hierdie geslag beïnvloed deur die sentimente en sieninge van die eerste president van die ZAR, Marthinus Wessel Pretorius. Hy het in die slag van

---

[317] I. Ueckermann & F.S. Malan, UNISA, *Die Hartzer Sage*, pp. 46,47.

[318] C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 120.

[319] A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika,* verwerk en bygewerk deur D.W Kruger, pp. 188-217.

Bloedrivier geveg en het in 1853 sy vader as kommandant-generaal van Potchefstroom en Rustenburg opgevolg. Pretorius het hom beywer vir die unifikasie van die verskillende Trekkergroepe en het in 1855 Pretoria geproklameer, wat vyf jaar later die hoofstad geword het. Hy was die laaste staatshoof van Potchefstroom tussen 1853 en 1856. Hy het daarna gedien as die eerste president van die ZAR vanaf 1857 tot 1860, en weer vanaf 1864 tot 1871. Hy het gedien as die president van die Oranje-Vrystaat vanaf 1859 tot 1863 en as mede-staatshoof van die Transvaal vanaf 1880 tot 1883.[320]

In die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier is ’n “vrye staat” gestig (Oranje-Vrystaat), maar die gebied is in 1848 deur Brittanje as soewereiniteit geannekseer. Op 23 Februarie 1854 het die Oranje-Vrystaat amptelik onafhanklikheid verkry met die ondertekening van die Konvensie van Bloemfontein.[321]

Die eerste diamant is gedurende 1867 naby die teenswoordige Hopetown ontdek. Drie jaar daarna is verdere ontdekkings naby Dutoitspan in die suidwestelike hoek van die Vrystaat gemaak.[322] Die ontdekking van diamante en die stigting van Kimberley, ongeveer 900 kilometer noord-oos van Kaapstad, het ’n einde gebring aan die binnelandse isolasie van die Boere en het groot veranderinge tot gevolg gehad.[323] Hierdie ontdekking het gelei tot die “stormloop” wat mense van oor die hele wêreld na Kimberley gelok het. Dit het ook die aandag van Britse imperialiste uit die Kaap getrek en Griekwaland-Wes (Kimberley-diamantperseel) is in 1870 deur die Britse owerheid geannekseer. Kimberley het binne vyf jaar ontwikkel tot ’n dorp met 50 000 kosmopolitiese inwoners.[324]

---

[320] W.J. de Kock (reds), Suid- Afrikaanse Biografiese Woordeboek, vol.1, pp. 678-684; Encyclopedia Britannica, *“Marthinus Wessel Pretorius”* by http://www.britannica.com/EBchecked/topic/475593/Marthinus-Wessel-Pretorius, 17 Augustus 2012.

[321] C.F.J. Muller (reds.), *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 23.

[322] Myfundi aanlyn-ensiklopedie*, “Geskiedenis van die diamandbedryf”* by http://myfundi.co.za/a/Die_geskiedenis_van_die_Diamantbedryf, 12 Julie 2012.

[323] G.R.Duxbury, *David and Goliath, The First War of Independence, 1880-1881* (Johannesburg: SA National Museum of Military History, 1981).

[324] F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974,* pp. 180-182.



*Figuur 66: 'n Deel van die Groot Gat van Kimberley soos dit in 1913 gelyk het* [325]

ʼn Gebeurtenis wat verreikende veranderings en verwikkelings in die geskiedenis van die ZAR meegebring het, was ongetwyfeld die ontdekking van die hoof-goudrif op die Witwatersrand in 1882, wat die hoogtepunt van ʼn hele reeks ontdekkings van groter of kleiner belang gevorm het. Die ontdekking het gekom op ʼn tydstip toe die republiek se ekonomiese posisie baie swak was.[326] In 1886 is Johannesburg gestig op die plaas Randjeslaagte.

Die ontdekking van goud het veroorsaak dat die Britte met nuwe oë na die gebied begin kyk het. Dit het ʼn geweldige impak op die geskiedenis van Suid-Afrika gehad en Transvaal is amptelik, na die Anglo-Boereoorlog (1899 tot 1902) deur Brittanje geannekseer en het in 1910 deel van die Unie van Suid-Afrika geword.[327] Die voortdurende magstryd en hebsug het ʼn aantal merkwaardige mense voortgebring, wat in die ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika ʼn beduidende rol sou speel. Cecil John Rhodes, die seun van ʼn Engelse vikaris,

---

[325] D. van Zyl, *Die ontdekking van rykdom*, pp. 39-48; Anon., Dugeot-webwerf, "Die diggers' van Ou Kimberley" by http://www.mieliestronk.com/oukimber.html, 21 Julie 2012.

[326] C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 288.

[327] J.J. McCord, *South African Struggle*, pp.338, 339.

het hier die welvarendste en magtigste man op die vasteland van Afrika geword.[328] Barney Barnato, 'n voormalige straathandelaar uit 'n Londense krotbuurt, het sy besigheidsvernuf ingespan en 'n mynmagnaat geword.[329]

Nie net buitelanders was by die ontdekking en ontsluiting van die land se rykdom betrokke nie. Jan Gerritze Bantjés (1843-1914), seun van Jan Gerritze Bantjés soos beskryf in hoofstuk 3, was in 1882 een van die oorspronklike prospekteerders na goud aan die Witwatersrand. Die broers H.W. en F.P.T Struben het saam met J.G. Bantjés in ongeveer 1884 belangrike ontdekkings aan die Wesrand gedoen.[330] "Op Kromdraai, het die vonds so belowend gelyk dat die regering dit in Desember 1885 as openbare gouddelwery – die eerste in die Witwatersrandse gebied – geproklameer het*".* [331]

Die foto (figuur 73) is heelwaarskynlik geneem gedurende 1886/1887 nadat J.G. Bantjés (jr.), toe ongeveer 50 jaar oud, die hoofrif met die konglomeraat, waarna hy op soek was, by die huidige Florida-meer ontdek het.[332]

---


[328] Anon, SAHO-webwerf, *"Cecil John Rhodes"* by http://www.sahistory.org.za/people/cecil-john-rhodes, 21 Julie 2012.

[329] Anon, SAHO-webwerf, *"Barney Barnato"* by http://www.sahistory.org.za/people/barney-barnato, 21 Julie 2012.

[330] Myfundi aanlyn-ensiklopedie, *"Geskiedenis van goud vanuit die Suid-Afrikaanse Ensiklopedie*" by http://myfundi.co.za/a/Die_geskiedenis_van_Goud, 7 Augustus 2012; E.L.P. Stals, *Afrikaners in die Goudstad, Deel 1, 1886-1924*, pp. 13-15.

[331] C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, pp. 288-291; C.J. UYS, by http://www.boerevryheid.co.za/forum/showthread.php?p=204667#post204667, 13 Desember 2012; J.J.van Tonder (red.), P. Venter, T. A. du Plessis, P. A. Maree*, " 'n Kort Oorsig van die Ontdekking van Goud aan die Witwatersrand"* by http://www.afrikanergeskiedenis.co.za/wp-content/uploads/2011/12/Ontdekking-van-goud-aan-die-Witwatersrand-Van-Tonder-1.pdf, 10 Oktober 2012.

[332] S.Jacobs, *"Van kleintyd af weet ek dit"* by http://www.beeld.com/In-Diepte/Nuus/By-Van-kleintyd-af-weet-ek-dit-20100617, 1 Augustus 2012.



*Figuur 67: Jan Gerritze Bantjés (jr.)* [333]

Jan Gerritze Bantjés (jr.) was met Anna Francina Petronella Swanepoel, dogter van Willem Jacobus Swanepoel, getroud.[334] Anna was die suster van Maria Jacoba Swanepoel soos beskryf onder punt 4.2.

Die volgende is geboekstaaf:

> A7 BANTJÉS, Jan Gerrit, 1843-1914 (One of the original prospectors for gold on the Witwatersrand). Papers, 1867-1910. 2 letterbooks and 16 items. Included are 8 ALS to Anna Swanepoel who afterwards became his wife; 2 Hg poems addressed to 'my dearly beloved Annie', and 6 other items relating to the family Bantjés. The letter-books cover the years 1887-1910 and contain copies of letters in Dutch and English relating to the flotation of mining syndicates and to Bantjés' work as Commandant of the Special Police in Johannesburg, 1900-1901.[335]

---

[333] S.W. Jacobsz, *"Jan Gerritz Bantjes-Slave descendants on the Great Trek"* by http://cape-slavery-heritage.iblog.co.za/2008/10/05/jan-gerritz-Bantjés-slave-descendants-on-the-great-trek/comment-page-1/, 23 Maart 2012.

[334] M. Pickover & C. Archibald, Wits University Library, *"manuscript reference: A7, J.G. Bantjés (1867- 1910)",* by http://www.historicalpapers.wits.ac.za/docs/Guide%202006%20Final.pdf, 20 Julie 2012.

[335] M. Pickover & C. Archibald, Wits University Library, *"Guide to the archives and papers, A7 and A63",* by http://www.historicalpapers.wits.ac.za/docs/Guide%202006%20Final.pdf, 20 Julie 2012.




*Figuur 68: Pioniers van die Transvaalse Goudvelde* [336]

[336] D. Walker, eGGSA library-website, "*Pioneers of the Transvaal Goldfields"* by http://www.eggsa.org/library/main.php?g2_itemId=741015, 3 Maart 2011.

James Andrew Cooks, Rachel Helletje Cooks (Swanepoel) se seun, skryf in ’n brief gedateer 26 Januarie 1970:

> My grandfather[337] was a great man for education. He imported a schoolmaster for his children - a Mr Jan Bantjés of the Bantjés fortune fame some years ago. He must have been a brilliant teacher. My grandfather’s children were all proficient in the three languages namely Cape Dutch, English and the native language. They all spoke Tswana well.[338]

In die 1950’s het die Bantjés-nasate bewus geword van hulle moontlike regte op sy fortuin en het hulle pogings aangewend om dit te herwin. James Andrew Cooks skryf in sy brief oor die Cooks-familie (26 Januarie 1970) oor die kwessie: “When some of the heirs to this fortune asked me for a contribution I told them I wasn’t interested, they would not get anything for their effort to gain from his heritage, and though I honour and respect my forebearers for their brave deeds and upright behaviour, I considered that my own deeds and behaviour should speak for themselves and I am not tracking on the reputation of my forefathers”. [339]

Die skrywe van Ian Gibbs in *Cape-Slavery-Heritage, Exploring the Roots of the People of the Cape - South Africa* sluit aan by dié skrywe van James*:*

> Sometime in the 1950’s my father’s eldest sister came across a copy of Bantjés will amongst some papers she had in her possession. This caused all sorts of excitement as it was speculated how much each family member may get. However, there was a time limit on the will which stated that it would revert to the Dutch royal family if not claimed within a certain time, which had apparently already elapsed. I don’t know how the Bantjés family came to hear of the will, but they got involved

---

[337] Verwys na Willem Jacobus Swanepoel se dogter Maria Jacoba en haar man Pieter Andries Swanepoel.

[338] JCPA, Lêer 1, *Korrespondensie: James Andrew Cooks-John George Cooks, 26 Januarie 1970*, p. 4.

[339] JCPA, Lêer 1, *Korrespondensie: James Andrew Cooks-John George Cooks, 26 Januarie 1970*, p. 4.

> and even sent a deputation to Holland to contest the will, with no success. Someone from the Bantjés family took all the papers from my aunt at the time and as the trail grew cold all interest was lost and so was the story.[340]

Die suidelike deel van die Afrika-kontinent is gedurende die negentiende eeu gedomineer deur oorloë in pogings om Britse oppermag te vestig. Die anneksasie van Transvaal in 1877 het tot Afrikanerweerstand en die Transvaalse Vryheidsoorlog in 1880-1881 gelei. Die Britte het die anneksasie gemotiveer deur aan te voer dat die republiek nie in staat sou wees om homself te regeer of die opstandige swart stamme in bedwang te hou nie. Nadat die onafhanklikheid van die ZAR herstel is, het die politieke spanning tussen die uitlanders in Johannesburg en die regering van die ZAR toegeneem, omdat die regering nie bereid was om volle stemreg dadelik aan die oorwegend Engelstalige bewoners van Johannesburg te verleen nie.[341]

Cecil John Rhodes, destydse Eerste Minister van die Kaapkolonie, se lewensideaal was om die hele Suidelike Afrika as Britse gebied in te palm en minerale rykdom was die dryfveer.[342] Die Transvaalse regering (ZAR) was egter vir hom soos ŉ doring in die vlees. Hy het dit wel reggekry om die Transvaalse en Vrystaatse republieke met Britse gebiede te omring, wat tot twiste oor spoorweë, doeane en tariewe gelei het. Die Jameson-inval in Desember 1895 was ŉ georganiseerde poging van Rhodes, onder aanvoering van dr Leander Starr Jameson, om Johannesburg te beset en die ZAR omver te werp. Hierdie inval is afgeweer en sou uitloop op die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) waar tussen 66 000 en 76 000

---

[340] I. Gibbs, "*Cape Slave Heritage*" by http://cape-slavery-heritage.iblog.co.za/contact/, 17 Augustus 2012.

[341] Anglo-Boer War Museum-webwerf, *"Die Eerste Anglo Boere Oorlog"* by http://www.boereafrikana.com/Anglo%20Boere%20Oorlog/Anglo_Boere_Oorlog.htm, 17 Augustus 2012.

[342] SAHO-webwerf, *"Jameson"* by http://www.sahistory.org.za/people/dr-leander-starr-jameson, 21 Julie 2012.

Afrikaners aan Boerekant, maar nooit meer as 47 000 op enige gegewe tydstip, teen ŉ oormag van nooit meer as 240 000 uit 'n totaal van 450 000 Britse soldate geveg het nie.[343]




*Figuur 69: Die arrestasie van Jameson* [344]

## 4.4. Samevatting

In hierdie hoofstuk is die sigbaarheid en rol van die vierde geslag Swanepoels en hulle aangetroude familie, die Bantjés-familie, beklemtoon. Deur die ontwikkeling van ŉ historiese perspektief rakende die familiegeskiedenis van ŉ geselekteerde vertakking van die Swanepoel-familie binne die breër konteks van die Suid-Afrikaanse geskiedenis na te gaan, kan tot die volgende slotsom oor die vierde generasie gekom word:

Hulle was nie leiers of helde nie. Hulle was gewone mense met ŉ vryheidsdrang wat ŉ Christelike lewensoortuiging probeer uitleef het – die klein ratjies in die masjien wat dit laat draai. Hulle dade was nie so aardskuddend dat dit in die geskiedenisboeke opgeteken is nie. Hulle het wel ŉ aangetroude familielid, Jan Bantjes, gehad wat ŉ noemenswaardige rol

---

343 C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 194; A. Wessels, *The Anglo-Boer War, white man's war , black man's war, traumatic war (Bloemfontein: Sun press, 2001,* pp.23-24.

344 Readers Digest, "*Illustrated Guide to Southern Africa"* in association with T.V. Bulpin, p. 207.

in die ontdekking van goud gespeel het. Hulle het gedoen wat hulle kon en moes in hulle tyd, binne die grense van hulle vryheid van keuse en plig in ŉ era waarin die Republieke afgesny was van die politieke en maatskaplike ontwikkelings in Europa en slegs oor ŉ elementêre infrastruktuur en beperkte vermoëns beskik het. Die gebrek aan inligting oor spesifieke families gedurende hierdie vestigingstyd in die Boererepublieke kan ook toegeskryf word aan die proses waarin ŉ administratiewe stelsel gevestig moes word: ŉ lang en stadige proses in ŉ landstreek waarin kommunikasie ook langsaam was a.g.v. die uitgebreidheid van die gebied en die perd en ossewa die basiese vervoermiddel was.

Tog het hulle – soos soveel ander Afrikaner-families – ŉ verskil gemaak as onderdele van die groter geheel; het hulle lewe (en sterwe) die grondslag gelê van dit waarna in ons tyd verwys word as die Christelik-nasionale grondslag van die Afrikaner. Hierdie onbesonge lewens kan in historiese terugblik beoordeel word as onnoemenswaardig, maar het onteenseglik momentum gegee aan die wese van die Afrikaner aan die suidpunt van Afrika. Hulle was voorbeelde van die pioniersfamilies wat die wese van ontluikende Afrikaner-identiteit in die binneland gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu gevorm het. Die vestiging van die drie susterskerke en die oorloë wat geveg is vir dit waaraan hulle geglo het, bevestig dit.